

Die stand van kurrikulumstudie binne opvoedkundefakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite

The state of curriculum studies in faculties of education at South African universities

AREND CARL

Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch

E-pos: aec2@sun.ac.za



Arend Carl

AREND CARL (DEd, Stellenbosch) is verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch, waar hy tans die Visedekaan (Onder-rig) is. Hy behaal die grade BA, HOD, BAHons (Geskiedenis), BEdHons, MEd en DEd aan die Universiteit Stellenbosch. Sy hoof navorsingsveld is dié van kurrikulumstudie en verskeie artikels het reeds uit sy pen hieroor verskyn, terwyl etlike referate by nasionale en internasionale kongresse gelewer is. Sy boek oor kurrikulumstudie, *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*, word wyd aan Suid-Afrikaanse universiteite gebruik en verskyn vanjaar reeds as die vierde uitgawe. Sy navorsingsfokus is veral op die rol van die onderwyser as kurrikulumagent aangesien dit sy filosofie is dat suksesvolle kurrikulumontwikkeling deur die doelmatige betrokkenheid van en deelname deur die onderwyser aan hierdie proses bepaal word. Die ontwikkeling van kurrikulumstudie as volwaardige studieveld aan Suid-Afrikaanse universiteite is dus essensieel om beide onderwysstudente én nagraadse studente effektief ten opsigte van hul kurrikulumbevoegdheid te bemagtig. Sy navorsing en projekte fokus in hoofsaak op hierdie aspek om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van kurrikulumstudie. Sy ander navorsingsbelangstelling is dié van Geskiedenis-onderwys en Vredesopvoeding. Hy het 'n C-gradering van die Nasionale Navorsingstigting. Hy dien in die redaksie van verskeie joernale onder andere die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en is lid van verskeie nasionale en internasionale verenigings.

AREND CARL (DEd, Stellenbosch) is a member of the Faculty of Education at Stellenbosch University, where he is currently the Vice-Dean (Teaching). He obtained his BA (honours in History), BEd (honours), MEd and DEd (Curriculum Studies) at Stellenbosch University. His main research field is curriculum studies and he has published various articles and presented a number of papers at national and international conferences with regard to this dynamic field. His book *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*, is widely prescribed at South African universities and the 4th edition is to appear in 2012. His research focus within curriculum studies is on the role of the teacher as a curriculum agent as he believes successful curriculum development is determined by the effective and optimal involvement of teachers in this process. To ensure that curriculum studies is developed as a field of studies in its own right, it is essential to empower student teachers and postgraduate students with the appropriate curriculum skills and knowledge. His research and projects focus on these aspects to contribute towards developing the field of curriculum studies as an independent field of study. His other research interests are History Education and Peace Education. He has a NRF rating (C), serves on various editorial boards (also *Journal of Humanities*) and is a member of various national and international societies.

ABSTRACT***The state of curriculum studies in Faculties of Education at South African universities***

When educational issues are highlighted in the South African context, it is clear many of the problems are curriculum related. A reflection on and investigation into these issues is often required as many of these issues are contextualised within a certain practice. Within each curriculum context there will be curriculum practitioners with varying levels of expertise. South Africa has gone through a number of curriculum changes over the last years, for example a completely new school curriculum with its own implementation challenges, teachers who were not properly prepared to implement these changes, little involvement of teachers who should be the key curriculum change agents and a shortage of curriculum specialists. If a curriculum is to succeed and meet its goals, then key roleplayers, such as teachers and other curriculum specialists need to be enabled to engage critically with the curriculum. Teachers therefore need to be properly prepared with regard to curriculum studies to enable them to ask critical questions, to reflect critically on the curriculum they have to implement and to become creatively involved in curriculum development as curriculum inquirers. Barrow (1984:13) is of the opinion that it is curriculum theory which will determine and set standards for effective curriculum practices. Are teachers in South Africa able to do this as it requires high levels of theorising?

Teachers as key curriculum agents, need to have a sound understanding of curriculum studies and the question arises as to who is responsible to provide opportunities to achieve this goal? In this regard, teacher training institutions have a most important role to play.

What is meant by a South African curriculum studies? What is the current state of curriculum studies as an independent study field in faculties of education at South African universities? How has the field of curriculum studies developed in South Africa? To what extent is curriculum theory included in teacher training programmes? To what extent are teachers exposed to and trained in curriculum theory? Is curriculum studies an independent field of study in its own right within teacher training programmes at faculties of education at South African universities.

This article reports on an investigation which was done to find answers to some of these questions and to try and get a view of what the state of curriculum studies is in teachers training programmes in faculties of education at South African universities. Curriculum studies is a field of study in its own right which investigates the phenomenon of curriculum so that the curriculum can be optimally developed and implemented. It is a well-established research field¹ which needs to be continually investigated in order to understand curriculum better. Very little research has been done in South Africa on curriculum theory and how it is accommodated in teacher training programmes at South African universities.

Curriculum studies is often seen as a very broad and complex field and it is difficult to encapsulate its meaning in one definition. It is a field of studies in its own right as it has its own set of theoretical constructs and principles which guide it, based on a sound curriculum knowledge and appropriate competences.² Curriculum studies continually generates new knowledge as it is a dynamic field of study. It has its own theoreticians and practitioners, a fact which ensures that it qualifies as an independent field of study in its own right (See Oliva 1988:17-18; Kelly 2009:6). Ornstein and Hunkins (2009:31-177) describe certain foundations which justify curriculum studies as an independent field of study, namely philosophical (pp31-58), historical (pp 1070145) and

¹ See Barrow (1984); Pinar, Reynolds, Slattery & Tauberman (1995); Doll & Gough (2002); Slattery (2006); McKerna (2008); Kelly (2009); Carl (2009), (2012); Marsh (2009); Ornstein & Hunkins (2009).

² See Barrow (1984); Kelly (2009:5-30); Ornstein & Hunkins (2009:1); Carl (2012:23).

social foundations (pp 149-177). Their viewpoint is representative of the literature of why curriculum studies is an independent field of studies, when they state

... curriculum as a field of study is crucial to the health of schools and society. ... there is no denying that curriculum affects educators, students, and other members of society. The field of curriculum is not intended to provide precise answers but to increase our understanding of its complexities. Curriculum results from social activity. Curriculum is a dynamic field!

A research project was undertaken in 2010–2011 to make an in-depth investigation into the state of curriculum studies as a field of studies in faculties of education at South African universities. Questions such as: What is meant when we talk about a South African curriculum studies? Is there such a phenomenon as a typical South African curriculum studies? How has curriculum studies developed in South Africa? To what extent is curriculum studies being practised as an independent field of studies in faculties of education where teachers are trained? What is the current nature and state of curriculum theory at faculties of education at South African universities? To what extent are teachers enabled through teacher training programmes to function as true curriculum agents who are able to think critically about and conceptualise the curriculum?

To answer these questions, a research project was launched, by doing a literature study, a research questionnaire and semi-structured interviews during a visit to these institutions.

Results indicated that curriculum studies as a field of study does not come into its own right in most of the teacher training programmes, especially in the undergraduate programmes. There are a few exceptions, but the view that curriculum studies is the process of preparing student teachers to be able to teach their school subject, in other words, a stronger focus on the practical aspects and not curriculum theory, is prevalent. There is thus a stronger focus on the practical aspects of curriculum. The conceptualisation of curriculum studies as a field of study is present but only in the minority of faculties of education. At most of the institutions which participated in this research project little curriculum theory is done at an in-depth level. There is also no evidence that there is a unique South African curriculum studies as the views and practices are too diverse and fragmented. Aspects of curriculum studies are presented, for example, as separate themes within modules, sometimes as separate modules (mostly as the teaching of a school subject) and in a few cases, as separate programmes at Masters level.

It is recommended that a national discourse be promoted to enable all roleplayers to participate in the debate on how curriculum studies can be developed more extensively. Faculties of education should collaborate in creating opportunities which may contribute towards enhancing the field of curriculum studies, e.g. through the formation of a national forum. Curriculum studies and the issue of curriculum theory should be core components of all teacher training programmes so that all teachers are empowered in the field of curriculum studies.

It is clear that a great amount of developmental work still has to be done to enhance the field of curriculum studies and to sensitise all involved in teacher training of the importance of being knowledgeable and competent in the field of curriculum studies.

KEY WORDS: Curriculum, curriculum studies, curriculum development, curriculum agent, curriculum theory, subject curriculum development, curriculum change, teacher training, empowerment, discourse, curriculum thinking, student teachers

TREFWOORDE: Kurrikulum, kurrikulumstudie, kurrikulumontwikkeling, kurrikulumagent, kurrikulumteorie, vakkurrikulering, kurrikulumverandering, onderwysersopleiding, bemagtiging, diskoers, kurrikulumdenke, studentonderwysers

OPSOMMING

'n Navorsingsprojek is gedurende 2010-2011 onderneem om 'n grondige ondersoek te doen na die ontwikkeling en die huidige stand van kurrikulumstudie aan Suid-Afrikaanse universiteite, spesifiek binne opvoedkundefakulteite. Wat beteken dit indien daar van 'n Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie gepraat word? Wat is die stand van kurrikulumstudie aan Suid-Afrikaanse universiteite? Hoe het kurrikulumstudie as studieveld in Suid-Afrika ontwikkel? Tot watter mate word kurrikulumstudie aan Suid-Afrikaanse universiteite in die besonder in fakulteite waar onderwysersopleiding plaasvind, as studieveld/navorsingsterrein beoefen? Wat is die aard en omvang van kurrikulumteorie binne die betrokke studieveld in die SA konteks, en geniet dit nog die nodige aandag? Tot watter mate word onderwysers voorberei om effektiewe kurrikulumagente te wees deur doelmatige bemagtiging ten opsigte van kurrikulumstudie deur hulle in staat te stel om kurrikulum te kan bedink en te herkonseptualiseer?

Om hierdie vrae te beantwoord, is 'n literatuurstudie en vraelysondersoek tydens die projek geloods, aangevul met ter plaatse besoeke en onderhoude. Die resultate dui daarop dat kurrikulumstudie as studieveld nie heeltemal tot sy reg kom nie en dat die dominante beskouing fokus op die praktiese aspekte daarvan, met ander woorde hoe onderwysstudente voorberei kan word om die betrokke skoolvak aan te bied. 'n Grondige begrip van kurrikulumstudie en hoë vlakke van akademieskap ("scholarship") is beperk tot slegs enkele sentra. Daar bestaan nie so iets soos 'n unieke Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie nie en daar is veel ruimte vir verbetering. Strategieë sal gereed gekry moet word om op 'n gekoördineerde wyse kurrikulumstudie as studieveld in Suid-Afrika te vestig en te ontwikkel.

1. INLEIDING

Wanneer onderwys in Suid-Afrika krities onder die soeklig geplaas word, wil dit voorkom asof heelwat van die probleme kurrikulumverwant is. Refleksie oor en die bestudering van kurrikulumstudie is noodsaaklik om hierdie probleemareas te ondersoek en te verstaan, ten einde nie net die kurrikulumpraktyk beter te verstaan nie, maar ook die probleme daarbinne die hoof te bied.

Elke land se kurrikulumkwessies is die gevolg van spesifieke agtergronde uniek aan daardie betrokke omgewing. Elke agtergrond of konteks het ook wisselende vlakke van kurrikulumspecialiste en -kenners tot hul beskikking. In Suid-Afrika was daar die afgelope dekade verskeie uitdagings wat effektiewe kurrikulumontwikkeling beïnvloed het, byvoorbeeld nuwe kurrikula met gepaardgaande implementeringsuitdagings, onderwysers wat swak voorberei is, 'n neiging tot die burokratisering van kurrikulumontwikkeling, swak deelname deur onderwysers aan kurrikulumontwikkeling en 'n tekort aan werklike kurrikulumspecialiste op die gebied van kurrikulumstudie (Carl 2012:17). Om relevante kurrikulumontwikkeling te bevorder, moet die struikelblokke uit die weg geruim word sodat menslike kapitaal ontgin en leerders meer doelmatig vir die wêreld van werk voorberei kan word.

Tot voor 1994 het die ontwikkeling van skoolkurrikula oor die algemeen meer gesentraliseerd plaasgevind, met relatief min insette deur onderwysers en persone betrokke by onderwysersopleiding. Ná 1994 was daar die hoop dat hierdie kurrikulumontwikkelingsproses meer inklusief en deelnemend sou word en dat alle rolspelers aktief by die ontwikkeling van toepaslike kurrikula betrek sou word. Om 'n rol te kan speel, vereis egter dat elke rolspeler, veral onderwysers, ook kurrikulumbevoeg moet wees, met ander woorde in staat is om kritiese vrae oor die kurrikulum te vra en aktief tot die effektiewe ontwikkeling daarvan by te dra.

Wie is hierdie kurrikulumrolspelers? Almal wat vanaf makro- (nasionale) tot op mikrovlak (die skool en klaskamer) by kurrikulumontwikkeling betrokke is, is rolspelers. Carl (2012:21)

beklemtoon dat die Suid-Afrikaanse onderwyser se rol verskuif het vanaf iemand wat slegs kennis en inhoude moes oordra, na iemand wat ook 'n kurrikulumagent en -ontwikkelaar behoort te wees. Groter kurrikulummeise word dus aan onderwysers gestel, aangesien daar verwag word dat hulle die kurrikulum sal verstaan, krities daaroor kan reflekteer en dit effektief kan implementeer. Onderwysers moet dus deeglik as kurrikulumagente voorberei word om aan hierdie eise te kan voldoen. Dit behels dat hulle baie goed in die veld van kurrikulumstudie voorberei sal word sodat hulle in staat sal wees om kurrikulumondersoek ("curriculum inquiry") te kan doen. Dit vereis hoë vlakke van teoretisering. In sy gesaghebbende werk stel Barrow (1984:13) dit duidelik dat dit kurrikulumteorie is wat standaarde sal bepaal wanneer oor die gehalte van die kurrikulum besin word. Daar is by hom min twyfel oor wat die belangrikste invloed op kurrikulumpraktyke behoort te wees, naamlik sterk en gefundeerde kurrikulumteorie.

Teen hierdie agtergrond blyk dit dat die onderwyser as kurrikulumagent in die klaskamer 'n deeglike onderbou in kurrikulumstudie behoort te hê, maar die vraag kan gevra word by wie die verantwoordelikheid lê om hierdie bemagtigingsproses te fasiliteer. Weer eens is daar verskeie rolspelers, waarvan instellings vir die opleiding van onderwysers, soos opvoedkundefakulteite, 'n kernrol behoort te speel.

Wat beteken dit wanneer daar van 'n Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie gepraat word? Wat is die stand van kurrikulumstudie aan Suid-Afrikaanse universiteite? Hoe het kurrikulumstudie as studieveld in Suid-Afrika ontwikkel? Tot watter mate word kurrikulumstudie aan Suid-Afrikaanse universiteite spesifiek in fakulteite waar onderwysersopleiding plaasvind, as studieveld/navorsingsterrein beoefen? Wat is die aard en omvang van kurrikulumteorie binne die betrokke studieveld teen die Suid-Afrikaanse agtergrond, en geniet dit nog die nodige aandag? Tot watter mate word onderwysers voorberei om effektiewe kurrikulumagente te wees deur doelmatige bemagtiging ten opsigte van kurrikulumstudie deur hulle in staat te stel om kurrikulum te kan bedink en te herkonseptualiseer?

In hierdie artikel word daar gepoog om hierdie vrae te beantwoord ten einde 'n beeld te kan vorm van die stand van kurrikulumstudie as onafhanklike studieterrrein binne opvoedkundefakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite. Daar sal 'n kort teoretiese oorsig gegee word ten opsigte van kurrikulumstudie as onafhanklike studieveld, waarna resultate van 'n ondersoek na die stand van kurrikulumstudie toegelig sal word. Die doel is dus nie om 'n oorskou te gee van kurrikulumveranderings en -wysigings sedert 1994 nie (bv. van Kurrikulum 2005, UGO en die onderskeie, Kurrikulumverklarings), maar om op die fenomeen van kurrikulumstudie self te fokus.

2. KURRIKULUMSTUDIE AS ONAFHANKLIKE STUDIEVELD

Die volledige terrein van kurrikulumstudie soos wat dit in die literatuur voorkom, kan as gevolg van beperkte ruimte nie hier omskryf word nie, maar dit word as 'n studieveld in eie reg beskou. Hoekom is 'n studie van kurrikulum noodsaaklik? Kortliks, dit is om die fenomeen (die kurrikulum) waarmee daar daagliks gewerk word, te verstaan en dit optimaal te kan ontwikkel en implementeer. Uit literatuur³ is dit duidelik dat kurrikulumstudie 'n gevestigde navorsingsterrein is wat deurlopende en kontinue navorsing vereis. Carl (2012:22–23) stel dit duidelik dat meer navorsing oor kurrikula nodig is ten einde die verskynsel van die kurrikulum beter te verstaan. In Suid-Afrikaanse verband is min navorsing oor kurrikulum-teoretiese aspekte en hoe dit aan universiteite (veral opvoedkundefakulteite wat onderwysers moet oplei om as kurrikulumagente te kan funksioneer)

³ Sien Barrow (1984); Pinar, Reynoldts, Slattery & Tauberman (1995); Doll & Gough (2002); Slattery (2006); McKerna (2008); Kelly (2009); Carl (2009, 2012); Marsh (2009); Ornstein & Hunkins (2009).

plaasvind, nog gedoen. Die voorwoord van Smith (1924), begin met die opskrif “Why a new book on an old subject?”. Dit is by die lees van hierdie datum en die spesifieke bewoording, dat die besef deurdring van hoe lank dit geneem het voordat daar oor die kurrikulum begin teoretiseer is en alvorens kurrikulumstudie as navorsingsterrein in Suid-Afrika begin ontwikkel het en steeds aan die ontwikkel is.

Wat word bedoel wanneer daar van kurrikulum-teoretisering gepraat word? Marsh (2009:240-259) haal Valance (1982:8) aan wat aanvoer dat daar ’n verskuiwing is vanaf die eindproduk (die kurrikulumteorie) na die proses waardeur die teorie tot stand kom. Marsh (2009:249) dui aan dat teoretisering die algemene proses is waartydens individue by drie aktiwiteite betrokke is, naamlik om oop en sensitief te wees vir moontlike ontluikende en ontwikkelende patrone van verskynsels, die identifisering van gemeenskaplike patrone en kwessies, en om dan daardie patrone met eie kurrikulumpraktyke en -beskouinge in verband te bring. Die implikasie van Marsh se siening is dat alle rolspelers dus inderwaarheid by hierdie proses betrokke behoort te wees.

Skrywers⁴ is dit eens dat kurrikulumstudie ’n baie breë en dikwels vaag omskrewe studieveld is. Dit is ’n baie komplekse terrein en een wat beswaarlik binne een definisie vasgevang kan word. Kurrikulumstudie kwalifiseer wel as ’n navorsings- en studieterrein in eie reg deurdat dit ’n eie stel teoretiese konstrakte of beginsels het wat dit rig (sien Oliva 1988:14; Carl 2012:3-24), terwyl daar ’n bepaalde teoretiese kennispoel en toepaslike vaardighede binne hierdie veld is. Kurrikulumstudie genereer voortdurend nuwe kennis en is ’n dinamiese ontwikkelingsterrein. Verder het kurrikulumstudie ook sy eie teoretici en praktisyns, wat dit verder as studieveld in eie reg laat kwalifiseer (Oliva 1988:17-18). Kelly (2009:6) beskryf dit as “... an academic and intellectual exploration of all of the factors we need to take account of in order to devise an educational curriculum ...”.

Hy gaan verder en omskryf enkele eienskappe wat na sy mening bewys lewer dat kurrikulumstudie inderdaad ’n studieveld in eie reg is (sien Kelly 2009:23-30). Dit behels dat:

- kurrikulumstudie ’n studie in eie reg is en nie ’n subafdeling van ’n ander studieveld nie;
- opvoedkunde as beide die kennispoel sowel as die aktiwiteite wat daarbinne plaasvind, bestudeer en ontleed word;
- dit nie ’n toegepaste wetenskap is nie aangesien dit menslike aktiwiteite bestudeer;
- dit verby blote metodologie gaan deurdat die fokus nie net op die “hoe” is nie, maar ook op die “hoekom”, en dit dus nie ’n enge, tegnisiestiese beskouing voorstaan nie; en laastens
- dit ’n konseptuele analise behels (kurrikulumstudie is gemoeid met ’n analise van kurrikulumbegrippe, kurrikulumteorieë, kurrikulumbenaderings en paradigmas en perspektiewe wat groter konseptuele helderheid aan die kurrikulumgebruikers kan verskaf).

Ornstein en Hunkins (2009:31-177) se konseptualisering van wat kurrikulumstudie is, lewer verdere bewys dat kurrikulumstudie wel ’n studieveld in eie reg is. Hulle verwys na die sogenaamde “curriculum foundations” of kurrikulumgrondslae wat die basis van kurrikulumstudie vorm.⁵ Hierdie grondslae sluit in die filosofiese (pp. 31-58), historiese (pp. 63-102), sielkundige (pp. 107-145) en sosiale grondslae (pp. 149-177).

Ornstein en Hunkins (2009:1-2) se standpunt kan as verteenwoordigend van die literatuur beskou word wanneer hulle oor die belang en doel van kurrikulumstudie as studieveld sê dat

⁴ Sien byvoorbeeld Barrow (1984:3); Kelly (2009:5-30); Ornstein & Hunkins (2009:1); Carl (2012:23).

⁵ Dis moeilik om “foundation” te vertaal, maar “grondslae” sou die beste term wees om dit te omskryf.

... curriculum as a field of study is crucial to the health of schools and society. ... there is no denying that curriculum affects educators, students, and other members of society. The field of curriculum is not intended to provide precise answers but to increase our understanding of its complexities. Curriculum results from social activity. Curriculum is a dynamic field!

Kurrikulumstudie behels dus 'n studie van al hierdie kompleksiteite ten einde relevansie te bevorder en ook vas te stel tot watter mate bepaalde belanghebbers deur die kurrikulum geaffekteer word. Teen die agtergrond dat kurrikulumstudie 'n onafhanklike studieterrein in eie reg is, was daar 'n behoefte om ondersoek in te stel na wat die stand van kurrikulumstudie aan fakulteite opvoedkunde binne Suid-Afrikaanse konteks is.

3. PROBLEEMSTELLING, NAVORSINGSVRAE EN DOELSTELLINGS

Die problematiek is reeds in die vorige afdeling vollediger toegelig, naamlik dat daar internasionaal aanvaar word dat kurrikulumstudie 'n studieveld in eie reg is, maar dat daar nie inligting bestaan oor wat die stand van sake ten opsigte van hierdie aangeleentheid binne opvoedkundefakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite is nie.

Tot 'n mate het die 3^{de} wêreldkongres van die “International Association for the Advancement of Curriculum Studies” (IAACS), wat vanaf 7–10 September 2009 op Stellenbosch gehou is en waar die fokus op die internasionalisering van kurrikulumstudie en die herbedink van die betrokke studieveld was, as stimulus vir die ondersoek wat hier toegelig word, gedien. Indien daar van die internasionalisering van kurrikulumstudie gepraat word, het die vraag ook na vore gekom of daar inderdaad van 'n Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie gepraat kon word. Wat sou die stand van kurrikulumstudie binne opvoedkundefakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite wees? Is dit 'n studieveld in eie reg en word toekomstige onderwysers wel doelmatig voorberei om krities met die kurrikulum om te gaan?

Hierdie navorsingsvrae het tot 'n navorsingsprojek gedurende 2010–2011 gelei, met die onderstaande as doelstellings:

- bevordering van die internasionalisering van kurrikulumstudie, met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse agtergrond;
- navorsing oor die ontwikkeling van kurrikulumstudie as veld binne Suid-Afrika sedert die 1900's;
- identifisering van die stand van kurrikulumstudie aan opvoedkundefakulteite; en
- die aard en omvang van kurrikulumteorie binne beide voor- en nagraadse onderwysersopleidingsprogramme.

Vir die doel van hierdie artikel word net oor die resultate van die derde en vierde doelstellings gerapporteer.

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Metodes

'n Literatuurstudie is ter aanvang van die projek onderneem ten einde 'n teoretiese basis daar te stel wat as uitgangspunt vir die ondersoek sou dien. Die navorsingsprojek is daarna aan die hand van 'n vraelysondersoek gedoen wat beide kwantitatiewe én kwalitatiewe data gegenerer het. Hierdie data is aangevul met kwalitatiewe data wat bekom is tydens besoeke aan die responderende instellings vir die voer van 'n semi-gestruktureerde onderhoud met dosente wat betrokke was by

die aanbied van onderwysersopleidingsprogramme. Die data is in die lig van die gestelde doelstellings en navorsingsvrae ontleed.

Vir die kies van die monster is al 23 opvoedkundefakulteite in Suid-Afrika genader. 'n Skrywe, waarin die projek uiteengesit is, is aan al die dekane gerig om toestemming te vra of die ondersoek binne hulle onderskeie fakulteite onderneem mag word. Al 23 het aangedui dat hulle bereid was om deel te neem en verskeie het hulle oor die relevansie van die projek uitgespreek. Uiteindelik is 13 besoek waar data ingewin is. Daar is gepoog om meer fakulteite te besoek, maar met die tref van die besoekreëlins het nie alle aangewese persone op verskeie versoeke gereageer nie. Daar is toe besluit om met die 13 te volstaan. Die 13 fakulteite wat besoek is, was egter voldoende om geldige gevolgtrekkings te kon maak aangesien hulle verteenwoordigend was van die soorte universiteite in Suid-Afrika.

4.2 Struktuur en doel van vraelys

Die vraelys is so gestruktureer om biografiese data sowel as algemene inligting ten opsigte van programme in te win. Afdeling A het die algemene instruksies vir die voltooiing van die vraelys sowel as die doel van die ondersoek uiteengesit. Afdeling B het op die insamel van die vermelde biografiese en programdata gefokus. Afdeling C het 'n aantal vrae bevat wat ten doel gehad het om die kernvrae van die ondersoek te help beantwoord.

5. RESULTATE VAN DIE VRAELYS

5.1 Biografiese inligting van respondente

Die biografiese inligting wat verlang is van respondente wat by die aanbied van kurrikulumverwante aspekte betrokke was, het in hoofsaak op hul kwalifikasies en jare ondervinding by die onderrig van kurrikulumverwante temas/modules, gefokus. Daar is byvoorbeeld met een of twee persone by 'n instelling 'n onderhoud gevoer en daardie persoon het dan inligting van die betrokke fakulteit verskaf. Die meeste dosente betrokke het 'n magister (10 dosente) en/of doktorsale kwalifikasie (25 dosente) gehad, maar nie noodwendig in kurrikulumstudie nie. Die meerderheid dosente was betrokke by vakonderrig, dit wil sê die onderrig van hoe om die skoolvak te kan onderrig. Die klem was dus op vakkurrikulumaspekte en nie soseer op algemene kurrikulumstudie nie. Die persone met wie onderhoude gevoer is, het ook gemeld dat die meerderheid persone wat kurrikulumaspekte aanbied, minder as vyf jaar ervaring het. Hierdie beperkte ervaring én beperkte teenwoordigheid van algemene kurrikulumstudie deurdat daar op vakdidaktiese of spesialisering in skoolvakkurrikula gefokus word, kan moontlik 'n impak op die aard en gehalte van kurrikulumstudie hê.

5.2 Inligting ten opsigte van programme

Op die vraag of kurrikulumstudie op die een of ander wyse tydens voorgraadse en nagraadse programme aangebied word, was die antwoord deurgaans JA (behalwe in die geval van een instelling wat nie enige voorgraadse programme aanbied nie). Uit die response was dit ook duidelik dat nie almal dieselfde begrip het van wat kurrikulumstudie moontlik kan beteken nie. Kurrikulumstudie word nie noodwendig onder die benaming "Kurrikulumstudie" aangebied nie, maar word byvoorbeeld in modules soos Opvoedkunde geakkommodeer. Op voorgraadse vlak word dit afwisselend as óf tema in 'n module óf as aparte module aangebied. By verskeie instellings maak dit ook deel uit van die sogenaamde vakdidaktiek of vakkurrikulumspesialisering. Soos later bespreek sal word, is dit by verskeie instellings die algemene siening dat kurrikulumstudie en vakdidaktiek sinoniem is, 'n verskynsel wat ietwat kommerwekkend is aangesien kurri-

kulumstudie ’n veel wyer terrein is as net vakspecialisering. Die algemeenste vorm van aanbidding is as tema in ’n module. Op nagraadse vlak word dit veral as aparte module aangebied, terwyl daar selfs spesifieke programme of strome ook is, byvoorbeeld BEdHons in Kurrikulumstudie, ’n BEdHons met ’n stroom in Kurrikulumstudie of ’n gestruktureerde magister in Kurrikulumstudie. Respondente vertolk en verstaan die begrip “kurrikulumstudie” dus redelik uiteenlopend.

By universiteite van tegnologie is daar ’n sterk fokus op die praktiese aspekte van die kurrikulum (met een uitsondering wat tot ’n mate ook teorie insluit) terwyl daar by die meer tradisionele en gevestigde universiteite oor die algemeen groter spesialisering en gevorderde nagraadse studie ten opsigte van kurrikulumstudie is. Hierdie spesialisering sluit in dat daar spesifieke honneurs- en magisterprogramme en modules vir kurrikulumstudie is. By twee instellings was daar ook kortkursusse, maar dit was eerder ten opsigte van kurrikulumontwerp en nie soseer ten opsigte van kurrikulumstudie as studieveld nie.

Een vraag wou bepaal waar en hoe dosente wat by die aanbied van kurrikulumverwante aspekte betrokke is, hul ervaring, kennis en kundigheid ten opsigte van kurrikulumstudie ontwikkel het. Data wat gegeneer is, dui op ’n verskeidenheid invloede, waarvan eie voor- en nagraadse studies (met inbegrip van magister en doktoraal) en eie leesprogramme die algemeenste response was. Enkele persone was en is steeds betrokke by inisiatiewe soos die hersiening van nasionale kurrikula en die skryf van kurrikulumbeleid, en hulle het gemeld dat hierdie kwessie ’n rol speel.

Uit bostaande inligting kan afgelei word dat daar nie ’n algemene patroon is van hoe kurrikulumstudie in programme geakkommodeer word nie, maar dat dit eerder “versteek” in modules voorkom as temas of met vakdidaktiek gelykgestel word. Dit is nie verkeerd nie, maar wat onrusbarend is, is die opvallende afwesigheid van ’n algemene teenwoordigheid of insluiting van kurrikulumteorie en kurrikulumondersoek (“curriculum inquiry”) in programme. Laasgenoemde hoëvlak-inhoude was die uitsondering by slegs vier instellings waar dit óf aparte modules óf selfs spesifieke programme is. Verder is daar ook uiteenlopende menings oor wat onder kurrikulumstudie verstaan word, met die klem op die praktiese aspekte daarvan meer dominant.

6. RESULTATE VAN RESPONSE OP OOP VRAE EN ONDERHOUDE

6.1 Inleiding

Die oop vrae van Afdeling C van die vraelys het ten doel gehad om die navorsingsvrae te beantwoord. Die onderstaande behels ’n analise van die data wat uit die response van die oop vrae bekom is. Hierdie oop vrae het ook as basis vir die onderhoude gedien en die gegeneerde data uit die onderhoude word in die analise verreken.

Die oop vrae wat gestel is, was soos volg:

- Wat verstaan u onder die begrip “kurrikulumstudie”?
- Hoe sien u die rol en belangrikheid van kurrikulumstudie as vakterrein wat deel vorm van die onderwysers se aanvanklike opleiding?
- Hoe word studentonderwysers in u programme aan die veld van kurrikulumstudie blootgestel?
- Wat is die hooffokus van kurrikulumstudie as vakterrein in u onderskeie programme?
- Dink u daar is ’n tipiese “Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie”?

Elk van hierdie vrae word vervolgens onder die soeklig geplaas.

6.2 Wat verstaan u onder die begrip “kurrikulumstudie”?

Die response op hierdie vraag dui daarop dat daar by die meeste respondente nie ’n grondige begrip of opvatting is van wat kurrikulumstudie in wese is nie. Die meeste response het gefokus op die feit dat kurrikulumstudie vakspesifiek is, met ander woorde dat dit gaan oor die onderrig van die betrokke skoolvak wat studentonderwysers moet gaan aanbied. Response soos

... it is subject-specific ..., en

Dis die studie van makro-, meso- en mikrovlakke van beplanning, uitvoering, implementering en assessering van die kurrikulum

was verteenwoordigend van die siening dat kurrikulumstudie oor skoolvakke en beplanning gaan. Daar was wel ’n bewustheid of sensitiwiteit by respondente dat hulle ’n eng beskouing van kurrikulumstudie het en hulle het gevolglik die wens uitgespreek dat kurrikulumstudie deel van hulle programme behoort te wees ten einde ’n meer verruimde perspektief by studente te kan ontwikkel as wat tans die geval is.

Daar was enkele uitsonderings waar respondente insig in die ware betekenis van wat kurrikulumstudie is, gedemonstreer het. Opmerkings soos die onderstaande dien ter illustrasie van hierdie stelling:

Dit omvat in die eerste plek die kennisterrein (epistemologie) van kurrikulering, kurrikulumontwerp, kurrikulumevaluering. In die tweede plek omvat dit die totale omvang van die onderrigleeromgewing.

It is a study of the curriculum in the broadest sense, including aspects such as philosophy, sociology, psychology that influences curriculum and curriculum design, implementation and evaluation.

General studies of knowledge selection; organisation presentation and evaluation of learning subject-specific pedagogy.

Kurrikulumstudie behels die breë skoolstudiese verbintenis tot die uitbreiding van kurrikulumteorieë. Kurrikulumstudie behoort nie beperk te wees tot enige nasionale kurrikulum nie, maar behoort studente voor te berei tot die breë veld en gepaardgaande diskoerse van die kurrikulum.

I understand curriculum fundamentally as the organisation of knowledge for learning purposes, and comprising the intended, enacted and assessed curriculum. Curriculum studies thus for me is the theoretical and empirical engagement around questions pertaining to these definitions.

Uit hierdie aanhalings blyk duidelik dat die betrokke respondente nie ’n enge, tegnisiestiese beskouing oor kurrikulum het nie, maar dat hulle dit as ’n studieterrein in eie reg beoefen en dat ’n konseptuele analise van die terrein tot sy reg kom. Hulle begryp dat dit ’n bepaalde unieke en dinamiese kennisterrein is en dat hulle daarmee vertrou is. Hierdie enkele respondente sou ook as kurrikulumpraktisyns en teoretici beskou kon word. Hierdie diepgaande begrip van wat kurrikulumstudie is, word ook vergestalt in die hoë gehalte en die aard van die inhoud van kurrikulumverwante temas, modules en programme wat by daardie betrokke instellings aangebied word.

Dit wil dus voorkom asof die beoefening van kurrikulumstudie as studieterrein in eie reg beperk is tot enkele setels en dat daar oor die algemeen nie ’n diepgaande begrip is van wat kurrikulumstudie as veld werklik beteken en behels nie.

6.3 Hoe sien u die rol en belangrikheid van kurrikulumstudie as deel van die onderwyserse aanvanklike opleiding?

Ten spyte van 'n enge siening van wat kurrikulumstudie moontlik kan behels, is die respondente van mening dat kurrikulumstudie

die spil is waarom alles in Opvoedkunde draai

en dat dit

onmisbaar

is. Een respondent verklaar

Dit moet die fundering of begroning verskaf van die onderrigleeromgewing vir die persone wat deel vorm van hierdie omgewing.

'n Ander meld in dieselfde verband

Kurrikulumstudie is sentraal tot die opvoedkunde en moet ook prioriteit geniet in voorgraadse opleiding.

'n Verdere respons dui daarop dat dit noodsaaklik is om die teorie te verstaan sodat die studente insig kan kry in hoe die teorie die proses van kurrikulumontwikkeling beïnvloed. Daar kan dus nie net op die praktyk gefokus word nie, want die kurrikulum maak die onderbou uit van die praktyk, en die teoretiese onderbou moet dus eers verstaan word alvorens daar relevante praktyk kan wees.

Een respondent (by 'n instelling waar daar hoëvlak- kurrikulumdenke plaasvind) stel die noodsaaklikheid hoekom onderwysstudente blootstelling tydens voorgraadse opleiding moet ontvang, soos volg:

Issues of knowledge selection (what to include, what to leave out); knowledge organisation (how facts link with one another through concepts); big ideas, sub-ideas and illustrative examples; use of appropriate classification systems/theories/models and assessment is crucial to producing teachers who can organise conceptual strong teaching and learning. But this cannot be learnt without a strong basis of content knowledge.

Hoewel daar die bostaande sterk menings is dat onderwysstudente op voorgraadse vlak blootstelling aan kurrikulumstudie behoort te kry, is daar aanduidings dat kurrikulumstudie as studieterrein as gevolg van 'n beperkte begrip van die veld, nie op voorgraadse vlak tot sy reg kom nie.

6.4 Hoe word onderwysstudente in u programme aan die veld van kurrikulumstudie blootgestel?

Daar is 'n verskeidenheid wyses waarop voorgraadse studente blootstelling aan kurrikulumstudie (soos wat die betrokke veld deur die responderende instellings gekonseptualiseer word) kry. By sommige instellings word kurrikulumstudie as aparte temas en/of modules aangebied, terwyl een instelling rapporteer dat “leeswerk, voorgeskrewe handboeke, studiegids, artikels en skoolpraktyk” op 'n geïntegreerde wyse hierdie blootstelling gee.

By verskeie instellings word kurrikulumstudie egter spesifiek in die onderskeie vakdidaktieke oftewel kurrikulumspesialiseringsrigtings ingesluit. Een instelling rapporteer en lewer bewys van hoe kurrikulumstudie op 'n geïntegreerde wyse binne 'n vierjarige program progressief oor die

vier jaar heen aangebied word. Dit is 'n baie koherente program met sterk onderlinge samehang tussen die onderskeie modules en jaargange en demonstreer hoe kurrikulumteorie sinvol met die skoolvakrigtings geïntegreer word.

'n Ander instelling is tans in die proses om kurrikulumstudie op 'n koherente wyse op vanaf voorgraadse tot op nagraadse vlak te bou. Die doel is om progressief voor- en nagraadse programme met mekaar te laat skakel deurdat inhoude progressief meer gespesialiseerd raak soos wat daar gevorder word. Modules en programme dien dus as boublokke soos daar vanaf die voorgraadse tot gevorderde nagraadse studie progressief gevorder word. Hierdie mikpunt is nog nie bereik nie, maar dit dui op 'n strewe om kurrikulumstudie as gespesialiseerde veld tot sy reg te laat kom.

Op nagraadse vlak word dit as aparte modules en selfs spesifieke gefokusde programme aangebied (byvoorbeeld Magister in Kurrikulumstudie, BEdHons in Kurrikulumstudie of as strome binne die BEdHons). Een respondēt stel dit soos volg:

Studente word dadelik bewus gemaak dat kurrikulum nie slegs 'n sillabus behels nie [ek verwys hierna as “clearing the syllabus-mentality”], maar dat dit 'n wye akademiese veld is wat onderworpe is aan verskeie nasionale en internasionale tendense. Hulle word ook bewus gemaak dat hierdie tendense die ontologie van kurrikulum beïnvloed en dat dit kurrikulering, onderrig-leer, assessering, en so meer direk beïnvloed.

Hierdie standpunt reflekteer 'n hoë vlak van akkommodering van blootstelling aan die betrokke studieveld.

Een respondēt beskryf die vierjarige BEd-program as een waarin alle studente jaarliks verpligte vakspesifieke kursusse moet aanbied wat hulle pedagogiese vakkennis van hul skoolvakke sal uitbrei en verdiep. Dan doen hulle ook 'n verpligte kursus, Studies in Opvoedkunde, wat module-inhoude soos Kurrikulum en Pedagogie en Assessering insluit. Dit is 'n voorbeeld van hoe daar op 'n geïntegreerde wyse binne 'n koherente program blootstelling aan kurrikulum gegee word.

Soos vroeër vermeld, rapporteer die meerderheid instellings dat die klem dus meer op skoolvakspesifieke kurrikulumaspekte as algemene kurrikulumstudie val, hoewel daar enkele instellings is wat 'n geïntegreerde benadering het en dus algemene kurrikulumteorie met skoolvakkurrikulumaspekte kombineer. Aansluitend hierby meld een respondēt:

It is a combination. The theory course is more general, giving students conceptual tools with which to engage in understanding the ways in which curricula are constructed and the dimensions of the curriculum. The other course is more subject-specific, where students engage with curriculum documents in relation to the subject(s) they will teach.

Die agtergrond of konteks van die betrokke opleidingsinstansie kan moontlik ook 'n rol speel deurdat strukture van instelling tot instelling verskil. Die teorie kan byvoorbeeld dalk by een skool of afdeling hanteer word, terwyl die skoolvakkurrikulumaspekte by 'n ander skool of afdeling aangebied word. Een instelling rapporteer dat daar probleme ten opsigte van hierdie soort reëling bestaan deurdat daar nie altyd effektiewe interne kommunikasie is nie. Dit kan daartoe lei dat een afdeling se werk nie altyd by die ander afdeling s'n aansluit nie. Hierdie verskynsel was egter beperk tot net een instelling, maar is nogtans nadelig om kurrikulumstudie tot sy reg te laat kom.

Daar is dus as gevolg van die diverse wyses waarop kurrikulum op die een of ander wyse geakkommodeer word, nie een spesifieke wyse waarop studente blootstelling aan kurrikulumstudie kry nie. Die hooftegens blyk egter eerder 'n groter fokus op die kurrikulum van die skoolvak te wees, met minder instellings wat op algemene kurrikulumteorie en kurrikulumstudie as studieterrein fokus (met sommige programme waar daar 'n kombinasie van benaderings is, hoewel daar nie altyd hoë-vlak-kurrikulumstudie gedoen word nie).

6.5 Wat is die hoofokus van kurrikulumstudie in u onderskeie programme?

Dit wil voorkom asof instellings onderskei tussen die wyses waarop daar op voorgraadse en nagraadse vlak op kurrikulumstudie gefokus word. Op voorgraadse vlak is die kurrikulumfokus merendeels (met enkele uitsonderings) op die onderrig van die sogenaamde skoolvakke, en word heelwat aandag aan mikrokurrikulering (elemente van die kurrikulum wat vir beplanning nodig is) geskenk. Die fokus is dus hoofsaaklik op die praktyk van kurrikulumontwikkeling (hoe om dit op skoolvlak aan te bied). Een instelling se respons is verteenwoordigend van die meerderheid instellings se voorgraadse fokus, nl.:

Definition/curriculum context and change/curriculum change and development/curriculum as practice. The purpose is to equip students with knowledge and skills for reflecting critically on curriculum issues and assessment practices in general and their own practices in particular.

By enkele van die meer tradisionele universiteite (hier word bedoel universiteite wat nie as universiteite van tegnologie geklassifiseer is nie) wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, is daar bevind dat daar nie slegs op praktyke van die kurrikulum tydens voorgraadse opleiding gefokus word nie, maar dat daar ook begin word met 'n proses om 'n diepere begrip van die kurrikulum te bevorder. Hierdie instellings beskryf hierdie aspek onderskeidelik as

begronndend, fundamenteel, oriënterend, inleidend, toepasend en implementering (sic).

Op nagraadse vlak is die klem by instellings wat spesifieke kurrikulumprogramme het, op kurrikulumteorie, kurrikulumverandering, die proses van kurrikulumontwikkeling en kurrikulumevaluering. Een respondēt haal soos volg uit 'n BEDHons-brosjure van daardie instelling aan:

To engage with different understandings of curriculum, specifically the official, planned curriculum and the implemented, interpreted curriculum. It describes the three key messages which underlie any curriculum: pedagogy, knowledge and assessment. The module focuses on the tension between external regulation of teachers' work, and teachers; relative autonomy (that is, ways in which teachers have agency to implement the curriculum in their classrooms in particular ways). The way in which teachers interpret curriculum documents is related to their own teacher or subject identity, their subject knowledge and the school context.

'n Ander respondēt lig die fokus soos volg toe deur die onderskeie temas wat op nagraadse vlak hanteer word, toe te lig.

Inleiding tot Kurrikulumstudie; Kurrikulumperspektiewe in SA; Kurrikulumtradisies; Kurrikulumteorieë; Kurrikulum: globalisering, *marketisation* en kennisekonomie. Kurrikulum in post-koloniale konteks en Afrikanisering van kurrikulum. Kurrikulum vir diverse omgewings: maatskaplike geregtigheid, menseregte en geslag. Kurrikulumnavorsing.

Samevattend wil dit voorkom asof die konteks van die betrokke instelling, sowel as die individue wat die studieveld van kurrikulum aanbied, moontlik 'n rol kan speel. Laasgenoemde kwessie (wie die vak aanbied of wie dit koördineer) bepaal dikwels die aard en omvang van temas, modules en programme. Navorsers het waargeneem dat by daardie instellings waar daar kurrikulumkenners ("scholars") en -denkers is, dit oënskynlik 'n invloed gehad het op die aard en omvang van die wyse waarop kurrikulumstudie daar hanteer word. By sodanige instellings was daar duidelike tekens dat kurrikulumstudie as ware studieterrein hanteer word deurdat toepaslike inhoud (teorie, temas, modules en programme) en die aanwesigheid van kurrikulumkenners en -denkers meehelp

dat laasgenoemde terrein meer tot sy reg as studieterrein kom. Hierdie vlak van denke, begrip en hantering van kurrikulumstudie is egter verreweg in die minderheid.

6.6 Dink u daar is 'n tipiese "Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie"?

Hoewel dit nie die hoofdoel van die vraag was om 'n bewuswording by respondente te kweek ten opsigte van wat kurrikulumstudie moontlik kan behels nie, was daar tog 'n positiewe effek te bespeur. Tydens die onderhoude en beantwoording van die vraelyste het respondente genoem dat hierdie vraag hulle vir die eerste keer aan die opvatting van 'n eie, unieke Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie laat dink het en dat hulle dit nog nie voorheen op hierdie wyse beskou of so daaroor besin het nie. Dit was tydens die onderhoude duidelik dat die vraag self respondente gesensitiseer het dat binne die Suid-Afrikaanse konteks hieroor besin behoort te word, aangesien Amerikaanse en/of Europese kurrikulumstudie nie noodwendig in die plaaslike verband van toepassing is of kan wees nie.

Oor die algemeen was die respondente van mening dat daar nie 'n tipiese Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie is nie. Die navorser se waarneming tydens die ondersoek bevestig hierdie afleiding. Respondente se opmerkings was byvoorbeeld

Moelik, leen te veel by oorsese literatuur en beskouinge.

Ons 'kopieer' wat ander sê.

Is meer op die vakinhoudelike/vakspesifieke gefokus; fokus val op 'n baie spesifieke weergawe (Amerikaanse model) wat aan die tradisionele Afrikaanse universiteite dalk deur 'n Europese didaktiekmodel beïnvloed is.

Nee. Uiteenlopende stemme, daar is nie een unieke KS nie.

By enkele respondente was daar onsekerheid of daar wel so 'n unieke kurrikulumstudie is en hulle het versigtig (deur nie 'n definitiewe keuse ten opsigte van JA of NEE te maak nie) geantwoord deur te sê:

Focus should be on theory but supported by contextual factors, specific to SA that hinder or support implementation.

Daar behoort 'n tipiese 'soort' kurrikulumstudie vir verskillende kontekste te wees; dus, JA. Dit gesê, moet hierdie Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie ook die universele kurrikulumteorieë insluit en aanspraak en van toepassing wees op die SA konteks.

Hierdie response dui ook op 'n onsekerheid oor die bestaan van so 'n unieke kurrikulumstudieveld. 'n Interessante standpunt was dié van een respondent wat van mening was dat, as gevolg van die unieke uitkomsgebaseerde kurrikulumbenadering, kurrikulumstudie tog uniek is in die sin dat dit uitkomsgebaseerd is. Dié persoon het soos volg vermeld:

Ja, vanweë 'n NKV en die beklemtoning van UGO in die huidige bedeling (a.g.v. die betekenis wat ons daaraan geheg het).

Hierdie standpunt dui egter op die praktykgerigtheid van 'n bepaalde kurrikulumbenadering en neem nie die wye veld van waaroor kurrikulumstudie in werklikheid gaan (soos vroeër toegelig), volledig in ag nie.

Een respondent se kommentaar belig die werklike situasie baie goed deurdat dit saamvat wat die navorser tydens hierdie ondersoek ervaar en waargeneem het:

No. I think there is a broad spectrum of approaches out there, with very different theoretical starting points. These lead to different ways of conceptualising curriculum, as well as different questions and methods in investigations around curriculum. It is a diverse and fragmented field.

Dit is inderdaad 'n gefragmenteerde terrein in Suid-Afrika deurdat elke konteks (instelling) 'n eie siening en beskouing het van WAT gedoen moet word en ook HOE dit gedoen behoort te word. Daar is 'n verskeidenheid praktyke en beskouings wat tot die gevolgtrekking lei dat daar nie 'n unieke Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie is nie.

7. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat daar op hierdie stadium nie 'n aanvaarbare grondige begrip of opvatting by akademici (wat by die ondersoek betrek is) bestaan ten opsigte van wat kurrikulumstudie werklik beteken of behels nie. Hierdie aspek kan 'n negatiewe impak hê op programme en inhoud waaraan onderwysstudente blootgestel word, aangesien 'n gebrekkige begrip of beskouing in programme neerslag kan vind. Hierdie gebrekkige begrip van wat kurrikulumstudie is, is kommerwekkend. Daar is wel enkele uitsonderings by sekere instellings waar daar 'n grondige begrip is van wat kurrikulumstudie behels, maar dit is baie lokaal en behoort verder uitgebrei te word.

Op voorgraadse vlak word die studieterrrein van kurrikulumstudie oor die algemeen baie “versnipperd” en gefragmenteerd aangebied (daar is 'n verskeidenheid aanbiedingswyses, byvoorbeeld as 'n tema binne 'n algemene module, as aparte temas, in enkele gevalle as 'n aparte module, as deel van skoolvakke se metodologie-komponente of geïntegreerd binne ander modules). In baie min gevalle is daar alleenstaande kurrikulumteorie-modules wat die uniekheid daarvan beklemtoon. Hierdie tekortkoming kan daartoe bydra dat voorgraadse onderwysstudente baie oppervlakkige blootstelling aan kurrikulumteorie kry. Die nadeel van dié toedrag van sake is dat die werklike kurrikulum-teoretiese onderbou van studente in onderskeie dissiplines op voorgraadse vlak dus verswak word en nie diepgang het nie.

Op nagraadse vlak kom aspekte van kurrikulumstudie wel in enkele gevalle as aparte modules voor, sowel as spesifieke programme (BEdHons in Kurrikulumstudie, MEd in Kurrikulumstudie is die algemeenste manifestasies daarvan).

Bykans 50% van die dosente betrokke by die aanbied van kurrikulumverwante aspekte het minder as vyf jaar doseerervaring. Hierdie onervarenheid kan dalk deel van die probleem wees, omdat daar nie eintlik kurrikulumspesialiste betrokke is by die hantering van kurrikulumstudie nie. Die verskil tussen wat by die sogenaamde tradisionele universiteite teenoor die universiteite van tegnologie of dié wat deur samesmeltingsprosesse is, aangebied word, was ook opvallend. By die universiteite van tegnologie en enkele van die tradisionele universiteite is die fokus nie soseer op kurrikulumteorie en kurrikulumstudie in die ware sin van die woord nie, maar eerder op die praktiese voorbereiding van studente om hul skoolvakke effektief te kan aanbied. Die klem is dus eerder op mikrokurrikuleringskwessies (lesbeplanning), met min of geen kurrikulumteorie nie.

In die meeste opleidingsprogramme is daar veral 'n sterk fokus op vakkurrikulumaspekte, terwyl enkeles voorsiening maak vir 'n balans tussen teorie en 'n praktiese benadering. Daar is nie altyd interne kohesie nie, byvoorbeeld in een geval word die metodiek van die skoolvak in een departement aangebied en die kurrikulumteorie in 'n ander, terwyl die een nie eintlik bewus is van wat die ander aanbied nie. Gebrekkige interne kommunikasie is dus ook 'n kwessie by enkele instellings.

Kurrikulumteorie binne Kurrikulumstudie as studieveld kom dus oor die algemeen nie tot sy reg tydens aanvanklike onderwysersopleiding nie. Daar is wel enkele gevalle van instellings waar werklik goeie kurrikulumwerk gedoen word en waar daar 'n grondige begrip bestaan van wat Kurrikulumstudie behels.

Daar is nie op hierdie stadium 'n tipiese Suid-Afrikaanse kurrikulumstudie nie, aangesien die realiteit tans aandui dat die veld van kurrikulumstudie baie gefragmenteerd is en daar 'n sterker klem op praktykvoorbereiding by die meeste universiteite is.

In die lig van die resultate van hierdie ondersoek, word daar aanbeveel dat:

- Daar meer nasionale geleenthede (soos kongresse of 'n nasionale organisasie) geskep word waar persone met mekaar kan skakel, in debat kan tree en goeie praktyke kan deel. Sodoende kan meer persone en fakulteite bemagtig word ten opsigte van die studieveld Kurrikulumstudie.
- Daar op nasionale vlak skakeling tussen opvoedkundefakulteite behoort te wees ten einde saam 'n strategie op te stel oor hoe Kurrikulumstudie binne hul programme gevestig en bevorder kan word.
- 'n Nasionale forum gestig word, spesifiek met as die doel die bevordering van Kurrikulumstudie binne Suid-Afrikaanse verband. Tans is daar verskeie vakverwante organisasies/verenigings, maar nie een wat op Kurrikulumstudie spesifiek fokus nie.
- Kurrikulumstudie (spesifiek die kurrikulum-teoretiese aspekte daarvan) 'n verpligte komponent van elke onderwysersopleidingsprogram op beide aanvanklike sowel as voortgesette vlak behoort te wees.
- 'n Vollediger ondersoek gedoen word na Kurrikulumstudie as veld in Suid-Afrika sedert die 1990's.

8. SLOTOPMERKINGS

In die lig van die gestelde doelstellings is 'n beeld bekom van wat die stand van kurrikulumstudie aan opvoedkundefakulteite in Suid-Afrika is. Dit is duidelik dat daar nog heelwat gedoen moet word om kurrikulumstudie as studieterrrein tot sy reg te laat kom. Die doel van hierdie artikel is nie om leemtes voor die deur van bepaalde instellings te lê nie, maar om 'n bydrae te lewer tot die diskoers oor die bevordering van kurrikulumstudie as studieveld. Tydens die besoeke en onderhoude het deelnemers die waarde en noodsaaklikheid van die ondersoek bevestig en erken dat daar ruimte vir verbetering is. Onderwysers behoort kurrikulumdenkers en effektiewe kurrikulumagente te wees, en daarom is dit nodig dat die opleidingsprogramme waaraan hulle blootgestel word, van so 'n aard en gehalte is, dat kurrikulumstudie tot sy reg kan kom. Die uitbou van kurrikulumstudie as unieke studieveld gaan ook die ontwikkeling van kurrikulumpraktisyns verg en ook hierdie kwessie behoort dus aandag te geniet.

ERKENNINGE EN DANKBETUIGINGS

Die finansiële ondersteuning van die Universiteit van Stellenbosch en die Nasionale Navorsingstigting wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het, word met dank erken.

BIBLIOGRAFIE

- Barrow, R. 1984. *Giving teaching back to teachers. A critical introduction to curriculum theory*. Ontario: Wheatsheaf Books.
- Carl, A.E. 2009. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 3rd edition. Cape Town: Juta.
- Carl, A.E. 2012. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. 4th edition. Cape Town: Juta.
- Doll, W.E. & Gough, N. 2002. *Curriculum visions*. New York: Peter Laing.
- Kelly, A.V. 2009. *The curriculum: Theory and practice*. 6th edition. London: Sage.
- Marsh, C.J. 2009. *Key concepts for understanding curriculum*. 4th edition. New York: Routledge.
- McKerna, J. 2008. *Curriculum and imagination – Process theory, pedagogy and action research*. New York: Routledge.
- Oliva, P.F. 1988. *Developing the curriculum*. 2nd edition. Boston: Scott, Foresman & Company.
- Ornstein, A.C. & Hunkins, F.P. 2009. *Curriculum: Foundations, principles, and issues*. 5th edition. Boston: Allyn & Bacon.
- Pinar, W.F., Reynolds, W.M., Slattery, P. & Taubman, P.M. 1995. *Understanding curriculum*. New York: Peter Lang.
- Slattery, P. 2006. *Curriculum development in the postmodern era*. 2nd edition. New York: Taylor & Francis.
- Smith, E.E. 1924. *The heart of the curriculum*. Garden City, New York: The Country Life Press.